

DIE INVLOED VAN DIE HELPMEEKAARBEWEGING IN SUID-AFRIKA 1915-1920

A. Ehlers en D.J. van Zyl
Universiteit van Stellenbosch

The Influence of the Helpmekaar Movement in South Africa 1915-1920

The Helpmekaar Movement originated in the Orange Free State as a result of the Rebellion of 1914-1915. After an initial slow start the movement gathered momentum, achieving its aim and reaching its climax in 1917 with the settlement of the rebels debt. In the process the Helpmekaar influenced political, economic and cultural aspects of Afrikaner society. It stimulated the growth of the National Party on the one hand and the decline of the South African Party on the other. Apart from the immediate financial relief to the rebels through the movement's funds, it also assisted the economic renaissance of the Afrikaner and helped to build his financial confidence. The spiritual traits of the Afrikaner, namely his religious disposition and the intimate relation between people (volk) and church, were reconfirmed and further embedded in his character. The Afrikaners' participation in the Helpmekaar events also created an opportunity for intense cultural identification especially with regard to his language and history. The Helpmekaar Movement was more comprehensive in its activities and its influence on the Afrikaner was far greater than it is generally given credit for.

Die Helpmekaarbeweging het in 1915 in die Oranje-Vrystaat ontstaan as 'n uitvloeisel van die Rebelle van 1914-1915. Hierdie beweging het aanvanklik stadig ontwikkel, maar later soos 'n veldbrand deur die Unie versprei en sy hoogtepunt en doelwit, naamlik die delging van rebelleskuld, in 1917 bereik. Die Helpmekaar het die Afrikaners op politieke, ekonomiese en kulturele gebied beïnvloed. Op politieke gebied het die beweging die Nasionale Party se posisie versterk ten koste van die Suid-Afrikaanse Party. Die ekonomiese invloed van die Helpmekaar het nie slegs gestrek tot die redding van honderde rebelle van finansiële ondergang nie, maar het ook aan die Afrikaner die nodige selfvertroue verskaf om sy ekonomiese probleme met vertroue aan te durf. Op geestelike terrein is veral twee kenmerke van die Afrikaner se geestelike lewe, naamlik die noue verwantskap tussen volk en kerk en die Afrikaner se godsdienstige ingesteldheid, herbevestig en in dié proses dieper in sy volkskarakter ingebed. Die Helpmekaar het ook Afrikaners die geleentheid gebied om aan 'n sosiale beleving van hul kultuurfeenis deel te neem, veral ten opsigte van hul taal en geskiedenis. Die Helpmekaar was dus wat sy aktiwiteite betref veel omvangryker en sy invloed op die Afrikaner veel groter as waarvoor die beweging in die algemeen krediet ontvang.

Die Helpmekaarbeweging het in 1915 in die Oranje-Vrystaat ontstaan as 'n uitvloeisel van die Rebelle van 1914-1915. Laasgenoemde was 'n gevolg van die uitbreek van die langverwagte Europese oorlog tussen Brittanje en Duitsland op 4 Augustus 1914.¹ Die Suid-Afrikaanse regering se aanvaarding van die Britse versoek dat die Unie Duits-Suidwes-Afrika namens Brittanje moet verower,² het aanleiding gegee tot 'n rebelle in Suid-Afrika, hoofsaaklik vanweë die verset van 'n groot groep Afrikaners teen die gedagte dat hulle oorlog moet voer om Brittanje, hul ou vyand, te help. Die verwesenliking van die republikeinse ideaal en die geleentheid wat die Rebelle vir baie Afrikaners in dié verband verskaf het, het ook baie persone beïnvloed om te rebelleer.³

1. *Ons Land*, 6.8.14.

2. UG 46-16: Report of the Judicial Commission of Inquiry, pp. 111-112.

Die stelsel van opkommandering waardeur die rebelle deur middel van beslaglegging op die goedere en eiendom van lojaliste in hul eie behoeftes voorsien het, het na die Rebelle aanleiding gegee tot eise om skadevergoeding teen die rebelle. As gevolg van die talle eise van lojaliste teen rebelle het dit spoedig duidelik geword dat die rebelle nie die eise self sou kon hanteer nie. Die enigste redding vir hulle het gelê in georganiseerde en beplande samewerking tussen die rebelle onderling, hul ondersteuners en goedgesinde, kundige persone soos prokureurs, met die nodige regskenntnis, om die eise te hanteer. Uit hierdie toestand van nood het die Helpmeakaargedagte ontstaan, wat in die daaropvolgende maande gestalte gekry het in die Helpmeakaarbeweging.⁴

Hierdie beweging het aanvanklik stadig ontwikkel en neerslag gevind in baanbrekerorganisasies soos die Sentrale Rebellefonds, Afrikaner Nasionale Helpmeakaarvereniging (ANHV), Nasionale Vroue-Helpmeakaarvereniging (NVHV) (almal in die Vrystaat), die Transvaalse Helpmeakaarvereniging en die Nasionale Weldadigheidsgenootskap (Kaapprovinsie). Uitbreiding van Helpmeakaar-aktiwiteite en die groeiende behoefte aan meer oorkoepelende en gesentraliseerde beheer het gelei tot die uitbreiding van bestaande organisasies en die stigting van nuwes. In die Kaapprovinsie het die Nasionale Weldadigheidsgenootskap in September 1915 besluit om voortaan nie net geld in te samel om die families van rebelle finansiëel te ondersteun nie, maar om ook die rebelle self te help om hul skuld te delg. Die organisasie het ook 'n naamsverandering ondergaan en voortaan as die Nasionale Vroue-Helpmeakaargenootskap bekend gestaan. Verdere veranderings het in Januarie 1916 gevolg toe mans vir die eerste keer as lede aanvaar is en die naam verander is na die Helpmeakaarvereniging van die Kaapse Skiereiland. In Junie 1916 het laasgenoemde organisasie provinsiale omvang aangeneem met die stigting van die Helpmeakaarvereniging van die Kaapprovinsie. In Transvaal het die Transvaalse Helpmeakaarvereniging ook 'n herstigting en naamsverandering beleef en het vanaf Januarie 1916 bekend gestaan as die Helpmeakaarvereniging in Transvaal. Die baanbrekerswerk in Natal is gedoen deur die NVHV. In Junie 1917 is die Nasionale Vroue-Helpmeakaarvereniging in Natal egter as 'n onafhanklike afdeling van die NVHV gestig, met 'n eie hoofbestuur.

Die Helpmeakaar se strategie was om eise teen rebelle tot die minimum te beperk deur 'n grondige ondersoek en bestryding van die eise. Die kapitaal om die eise te vereffen is verkry deur 'n stelsel van "taksasie", waarvolgens lede van die Helpmeakaar verantwoordelik was om 'n bydrae, vasgestel volgens die waarde van elke persoon se besittings, te maak. Bogenoemde stelsel is veral in die Noord-Vrystaat gebruik en is aangevul deur insamelings deur middel van basaars, konserte en vendusies in die res van die Unie. Die Helpmeakaar se deurlopende pogings gedurende 1915-1916 om die rebelle se skuld te vereffen is in 1917 met sukses bekroon na 'n reuse landwyse insamelingsveldtog onder leiding van dr. D.F. Malan en *De Burger*. Bogenoemde insamelingsveldtog was die resultaat van 'n reeks gebeure wat begin het met 'n oproep van die Sentrale Rebellefonds op die algemene publiek in Julie 1917 om te help om die nog uitstaande skuld ten bedrae van £104 000 van die Noord-Vrystaatse rebelle uit te wis. Dit is opgevolg deur 'n voorstel van die Middelburgtak van die Helpmeakaarvereniging van die Kaapprovinsie waarin hulle gevra het dat 10 November 1917 as 'n Helpmeakaardag uitgesonder word om landwyd fondse in te samel met die oog op die delging van die nog uitstaande rebelleskuld. Die finale momentum vir die insamelingsveldtog is verskaf deur die instelling van die £100-fonds. Die £100-fonds is in die lewe geroep nadat 'n voorstel van J.E.

-
3. A.H. Marais, "Die Oorlogsbesluit, die Rebelle en die Nasionale Party" in O. Geysers en A.H. Marais (reds.), *Die Nasionale Party*. Dl. I (Kaapstad, 1975), pp. 228-229.
 4. A. Ehlers, *Die Helpmeakaarbeweging in Suid-Afrika: die storm- en drangjare, 1915-1920*. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1986, pp. 7, 12, 15.

de Villiers van die Paarl, 'n vertroueling van dr. D.F. Malan, aanvaar is, naamlik dat hy £500 tot die Helpmeakaarfonds sou bydra indien 500 persone in die res van Suid-Afrika gevind kon word om elk £100 tot die Fonds by te dra.⁵

Teen 1920 het die onderskeie organisasies op provinsiale vlak grotendeels geamalgameer en intern goed gefunksioneer, veral wat betref die hantering van finansiële sake, afbakening van hul onderskeie arbeidsterreine en die formulering van algemene doelwitte.

Die Helpmeakaarbeweging het op verskeie terreine van die Afrikanersamelewing 'n invloed uitgeoefen. Die terreine, asook die inwerking wat die Helpmeakaar daarop gehad het, word vervolgens belig.

Politiek

Die Helpmeakaarbeweging het 'n ekonomiese ontstaansrede gehad, naamlik om die rebelle van die Noord-Vrystaat en Wes-Transvaal van finansiële ondergang te red. Die vraag ontstaan hoe dit vir 'n beweging wat uit ekonomiese oorwegings ontstaan het, moontlik was om in so 'n mate in die partypolitiek betrokke te raak dat dit 'n beduidende invloed kon uitoefen. 'n Antwoord op die vraag lê hoofsaaklik opgesluit in drie faktore.

Eerstens het die aard van die Helpmeakaar se hulp daartoe gelei. Aangesien die Rebelle 'n hoogs emosionele politieke kwessie was wat die verdeeldheid in Afrikanergeledere gedemonstreer en ook verskerp het, het die Helpmeakaarbeweging by sy ontstaan reeds die potensiaal besit om, indien sy pogings nie met groot omsigtigheid gehanteer word nie, by die politiek betrokke te raak.

'n Tweede faktor wat bygedra het om die Helpmeakaarbeweging by die politiek te betrek, was die reaksie van die Nasionale Party (NP) en sy ondersteuners ten opsigte van die Helpmeakaar. Die NP was een van die eerste organisasies wat die noodsaaklikheid beseft het om die rebelle finansiëel by te staan. Persone wat leiding geneem het in die totstandkoming en uitbreiding van die Helpmeakaar was feitlik uitsluitlik Nasionalistes. Die sentrale besture van die onderskeie provinsiale Helpmeakaarverenigings het feitlik sonder uitsondering bestaan uit ondersteuners van die NP. Nasionalistes het hulle in groot getalle as lede by die Helpmeakaar aangesluit – in só 'n mate dat Helpmeakaarbedrywighede feitlik totaal deur hulle oorheers is. Die Helpmeakaar is deur die Nasionalistes aangegryp as 'n geleentheid om hul gevoel vir hul volk en hul nasionalisme te demonstreer en uit te leef. Namate die Helpmeakaarbeweging gegroei het, het dit noodsaaklik geword vir alle Nasionalistes om die beweging te steun omdat dit 'n bewys geword het van ware Afrikanerskap¹⁵ en by implikasie ook van ware Nasionaliswees. Sommige Nasionalistes het die rebelleskuld gesien as die prys wat betaal moes word vir die nasionale ontwaking wat deur die Rebelle onder die Afrikaners aan die gang gesit is. Om te kon deel in die nasionale ontwaking moes elke Nasionalis dus 'n deel van die rebelleskuld op homself neem.⁷ Deur ondersteuning van die Helpmeakaar kon Nasionalistes hul solidariteit met die rebelle en hul afkeer van die Regering en sy beleid aantoon. As gevolg van hierdie benadering van baie nasionaalgesinde Afrikaners ten opsigte van die Helpmeakaar het daar by hulle 'n onvermoë en "onwilligheid" bestaan om onderskeid te tref tussen hul partypolitieke affiliasie en bedrywighede, en hul Helpmeakaarlidmaatskap en -deelname.

5. *Ibid.*, pp. 18, 34, 36, 42, 46, 49, 54, 67, 71, 130, 139.

6. N.G. Kerkargief, Bloemfontein (hierna V.K.A.): Helpmeakaar van die Oranje-Vrystaat: Helpmeakaar Korrespondensie 1916-1919, N.C. Havenga-Manne en Broeders, *Mede Afrikaners*, 20.4.15; *Het Volksblad*, 2.3.17: Meer Hulp vir die Helpmeakaar Vereis.

7. *De Burger*, 24.9.15: Steun uw Broeders in het Noorden; *De Burger*, 18.11.15: Korrespondenties – De Nood in de OVS is hoog!

Nasionaliste het dus met groot ywer as ondersteuners van die Helpmekaar aan die beweging se bedrywighede deelgeneem. Die Helpmekaar se basaars, konserte, vendusies en vergaderings het deurgaans 'n Afrikaner-nasionalistiese kleur getoon wat in intensiteit van plek tot plek gewissel het.⁸ Basaars het groot belangstelling gaande gemaak en is gewoonlik deur persone van omliggende distrikte bygewoon.⁹ Belangstelling is verder gaande gemaak deurdat die organiseerders “nasionale voormanne” (sonder uitsondering leiers of ondersteuners van die NP) genooi het om sulke geleenthede by te woon en te open. Leiers soos generaal J.B.M. Hertzog, dr. D.F. Malan en NP-parlementslede is met groot entoesiasme en optogte ontvang.¹⁰ Daar is talle voorbeelde waar sulke besoeke van NP-leiers saamgeval het met politieke aktiwiteite van die party. Soms is 'n basaar of konsert geopen deur 'n politiek-gekleurde toespraak of is so 'n toespraak gehou kort voor of net na 'n Helpmekaarfunksie. Tydens die toesprake is die Regering gewoonlik gekritiseer en NP-alternatiewe daarteenoor gestel.¹¹ 'n Goeie voorbeeld in dié verband was tydens die Helpmekaarbasaar op Theunissen in Julie 1915. C. Fichardt, 'n Volksraadslid van die NP, het by dié geleentheid saam met C.T.M. Wilcocks, die NP-kandidaat vir die betrokke kiesafdeling, opgetree. Hy het die stelling gemaak dat dit tyd geword het dat die Afrikanervolk moet mobiliseer en toe voortgegaan: “Hoe moeten we optrekken? Zorg dat allen bij de stembus komen. Maakt de Nationale Partij groot en sterk. Een ieder drage het zijne bij en werpt die Botha Regering er uit . . . Ons doel is om onze vrienden te helpen. Helpmekaar om onze Nationale Partij groot te maken. Helpmekaar om onze schulden te betalen. Helpmekaar om ou Kokkie in te brengen, die Nationale beginsels heeft. Hij heeft alles voor zijn volk opgeofferd.”¹² Hierdie Helpmekaarfunksies het ook aan nasionaalgesindes die geleentheid gebied om meer persoonlik kontak te maak met hul leiers op 'n vlak wat normaalweg nie moontlik was nie.¹³

Die aanbiedinge op basaars en die strekking van konserte het in baie gevalle ook nie twyfel gelaat oor waar die simpatie van die mense gelê het nie. Knopies en foto's, met die gesigte van rebelle en Nasionalisteleiers daarop, is vertoon of te koop aangebied,¹⁴ terwyl poppe wat rebelle voorgestel het, reuse-pryse behaal het teenoor Kakie-poppe wat vir net 'n paar sjielings verkoop is.¹⁵ Op konserte is gedigte oor Jopie Fourie¹⁶ en sangstukke soos “Helpmekaar”,¹⁷ “Mama ik wil 'n Afrikaner, 'n regte Herzogiet hê!”,¹⁸ “Slagtersnek” en “Piet Retief”¹⁹ gehoor.

Amptelik het die NP ook nooit geskroom om die Helpmekaar te ondersteun nie. In die Parlement het dié party die saak van die Helpmekaar verdedig²⁰ en met die groot Helpmekaar-daginsamelings van 1917 is die amptelike partymasjinerie ook ingespan om geld vir die

-
8. *De Burger*, 5.10.15: Ladismith; *De Burger*, 3.8.15: Dewetsdorp; *Het Volksblad*, 23.7.15: Bethulie Helpmekaar; *De Burger*, 3.2.16: Helpmekaar te Malmesbury.
 9. *De Burger*, 23.3.16: Helpmekaar; *De Burger*, 19.3.17: Stellenbosch.
 10. *De Burger*, 6.12.15: Stellenbosch; *Het Volksblad*, 25.6.15: Dist. Ladybrand; *Het Volksblad*, 18.6.15: Ladybrand in Feesdos; *De Burger*, 26.2.17: Helpmekaar te Wellington.
 11. *De Burger*, 4.9.15: Wolmaransstad; *De Burger*, 4.10.15: De Potchefstroom Zetel; *De Burger*, 24.10.16: Groot Helpmekaarfeest.
 12. *Het Volksblad*, 3.8.15: Theunissen, OVS.
 13. *De Burger*, 20.3.16: Genl. Hertzog te Montagu; *Het Volksblad*, 23.7.15: Bethulie Helpmekaar.
 14. *Het Volksblad*, 20.7.15: Bloemfontein; *De Burger*, 5.10.15: Ladismith.
 15. *Het Volksblad*, 23.7.15: Helpmekaar en NP te Marquard, OVS; *Het Volksblad*, 7.9.15: Helpmekaar Vereniging Senekal; *De Burger*, 14.9.15: Bethlehem.
 16. *Het Volksblad*, 31.8.15: Helpmekaar Verenigingen; *Het Volksblad*, 18.2.16: Helpmekaar Vereniging.
 17. *Het Volksblad*, 27.11.17: Warden.
 18. *Het Volksblad*, 23.7.15: Bethulie Helpmekaar.
 19. *De Burger*, 16.8.16: Helpmekaar Konsert.
 20. *De Volkstem*, 21.3.16: De Volksraad; *Cape Times*, 17.3.16: Nationalists and Government.

Helpmekaar in te samel.²¹ As 'n Afrikanervolksaak het die NP hom ten volle met die doelstellings van die Helpmekaar vereenselwig.

Die Helpmekaar het dus, sonder dat dit doelbewus so beplan is, die geleentheid geskep vir die politieke stimulasie van die nasionaalgesinde Afrikaners. Die honderde byeenkomste landwyd het geleenthede geskep vir Nasionaliste om saam te kom en saam te werk vir 'n gemeenskaplike doel, waardeur die eenheid en eensgesindheid onder hulle versterk is.²² In dié verband het 'n korrespondent van Middelburg in die Kaapprovinsie soos volg geskryf: "Ik ken geen machtiger middel tot samensnoering van het afrikaanse volk dan deze bazaars. Wat ten kwade werd bedoeld, wordt ten goede gekeerd. Door de nood gedreven komen wij dichter tot elkaar. Tussen hen die helpen, komt een nauwe band. En tussen hen, die helpen en die geholpen worden, komt een band, die niet licht verbroken zal worden. Dit is in mijn ogen de grote betekenis van onze Helpmekaar bazaars."²³ Die byeenkomste het verder vir nasionaalgesinde leiers die geleentheid gebied om groot groepe volgelingen op een slag te bereik. Hoewel die kontak wat plaasgevind het in die eerste plek bedoel was om die saak van die Helpmekaar te bevorder, kon die onderlinge politieke gesprekke wat by sulke geleenthede sekerlik moes plaasvind, slegs die NP se saak bevorder. Die inspirasie wat van sulke byeenkomste na die teenwoordiges uitgegaan het, was dan ook besonder sterk.²⁴ Hul werk vir die Helpmekaar het Nasionaliste saamgesnoer en 'n eenheid gebring wat voorheen nog grootliks afwesig was. Die sukses waartoe hulle in staat was indien hulle sou saamstaan, soos deur hul deelname aan die Helpmekaar aan hulle gedemonstreer is, het hulle selfvertroue gegee en hul selfbeeld verbeter. Die oortuiging het ontstaan dat die welslae wat op Helpmekaargebied behaal is, ook op politieke gebied herhaal kon word.

Die wyse waarop die nasionaalgesinde Afrikaners die Helpmekaarbeweging beleef het, het noodwendig die beeld van 'n sterk assosiasie tussen die NP en die Helpmekaar geprojekteer. Dit het veral daartoe gelei dat die opposisie van die NP tot die gevolgtrekking gekom het dat dié party die Helpmekaar tot sy eie voordeel misbruik het.

'n Laaste faktor wat bygedra het tot die verpolitiserings van die Helpmekaarbeweging was die houding van die regerende Suid-Afrikaanse Party (SAP) teenoor die beweging. Dit was vir die regerende SAP uit die aard van die saak besonder moeilik om enige optrede ten gunste van die rebelle te ondersteun. Ten spyte hiervan was hulle die basiese beginsel van die Helpmekaarbeweging goedgesind. Die praktiese ervaring wat die regerende SAP egter van die Helpmekaar opgedoen het, het aan hom genoeg gronde verskaf om 'n argument op te bou dat die Helpmekaar 'n politieke beweging was wat deur die NP tot sy eie voordeel geëksploiteer is. As regerende party het die SAP se ervaring van die Helpmekaar hoofsaaklik gespruit uit die wyse waarop die Nasionaliste die Helpmekaar beleef het. Die Nasionalistiesgesinde toesprake, aktiwiteite en gees van die Helpmekaarbyeenkomste, soos alreeds beskryf is, was vir die regerende SAP voldoende bewys dat die NP die Helpmekaar as 'n politieke hulpmiddel ingespan het.²⁵

Die SAP as politieke party kon homself nooit daartoe bring om die Helpmekaar amptelik te steun nie. Op partykongresse is die Helpmekaar as 'n politieke organisasie uitgesonder en die

21. *Het Volksblad*, 5.10.17: Derde Kongres van de Vrijstaatse Nasionale Partij.

22. *Het Volksblad*, 10.8.15: Helpmekaar Verenigingen; *De Burger*, 5.10.15: Ladismith; *De Burger*, 12.11.15: Caledon.

23. *De Burger*, 29.1.16: Middelburg, KP.

24. *De Burger*, 3.3.16: Hopefield Helpmekaar; *Het Volksblad*, 23.7.15: Bethulie Helpmekaar; *De Burger*, 6.3.16: Rouxville.

25. *De Volkstem*, 28.4.16: Genl. Botha en minister De Wet over de politieke Situatie; *De Volkstem*, 2.10.17: ZAP Kongres.

amptelike standpunt van die party was aanvanklik dat die rebelle gehelp kon word, maar dat partylede nie as lede by die beweging moet aansluit nie.²⁶ Met die Helpmeekaardagoproep van 1917 is besluit dat die party nie in 'n amptelike hoedanigheid aktief aan die Helpmeekaar sou deelneem nie, maar dat dit aan die diskresie van individuele lede oorgelaat sou word om na gelang van hul eie gewete te handel.²⁷ Die SAP het hom dus amptelik gedistansieer van die Helpmeekaar as werktuig van die NP en sou sekerlik wou sien dat sy lede dieselfde doen. Vryheid van handeling is egter aan lede gegee om self te besluit oor hul assosiasie met die Helpmeekaar as 'n organisasie wat die rebelle as mede-Afrikaners se skuld wou delg.

Die amptelike standpunt van die SAP ten opsigte van die Helpmeekaar het nie die goedkeuring van al sy ondersteuners weggedra nie. SAP-ondersteuners se reaksie ten opsigte van die Helpmeekaar was hoofsaaklik driedig van aard, wat die party ten opsigte van dié saak in drie groepe verdeel het.

Daar was die groep wat as sterk ondersteuners van die regerende SAP niks met die Helpmeekaar te doen wou hê nie. Hulle was nie bereid om geldelike bydraes te maak nie en het die beweging as politieke afgemaak.²⁸ Die gevoel van dié groep is goed verwoord deur 'n SAP-ondersteuner van Caledon: "Het is duidelik dat zolang de Helpmeekaar een politiek beweging blijft, ten grondslag hebbende het veredelen van opstand en rebellie, gepaard met minachting en swartmering van mede-afrikaners, net zolang zal het onmogelijk zijn voor enig zelfrespekterend ZA partij-man met die beweging mede te werken, . . ."²⁹

'n Middelgroep was wel bereid om, ten spyte van die feit dat hulle nie die rebelle se optrede goedgekeur het nie, geldelike bydraes tot die Helpmeekaar te maak.³⁰ Onder dié groep was daar selfs die SAP-Volksraadslid J.H. Schoeman asook 'n toekomstige SAP-Volksraadslid, dr. J.A. Raubenheimer,³¹ wat elk 'n bydrae tot die £100-fonds gemaak het.³²

'n Derde groep was die SAP-ondersteuners wat aktief aan Helpmeekaarbedrywighede deelgeneem het en in baie gevalle ook lidmaatskap van die beweging verkry het.³³ Vanuit die laaste twee groepe, maar veral vanuit die laaste aktiewe groep, het die persone gekom wat met die term "Nasionale Sappe" of Nasionale in wording geklassifiseer kan word. Dié groep het hulle vereenselwig met die Helpmeekaar, omdat hulle dit as 'n Afrikanervolksaak waardeur mede-Afrikaners gehelp kon word, beskou het en dit vir hulle groter gewig gedra het as hul lojaliteit aan partybesluite. By Helpmeekaarbyeenkomste is die "Nasionale Sappe" blootgestel aan die nasionale gees, toesprake en sienswyses. Die moontlike invloed wat dié blootstelling op hul politieke oriëntasie kon hê, was waarskynlik die partyleiding van die SAP se grootste bekommernis ten opsigte van die Helpmeekaar en ook die grondliggende rede vir hul houding teenoor die beweging.

Dit is baie moeilik om presies die omvang van die laaste twee groepe in die SAP te bepaal. Op 'n SAP-kongres in 1917 het een van die afgevaardigdes beweer dat die meeste SAP-lede die Helpmeekaar gesteun het.³⁴ Hierteenoor is generaal Louis Botha deur *De Burger* daarvan be-

26. *De Volkstem*, 28.4.16: Genl. Botha en minister De Wet over de politieke Situatie.

27. *De Volkstem*, 2.10.17: ZAP Kongres; *Ons Land*, 4.10.17: Vierde ZAP Kongres.

28. *Ons Land*, 27.9.17: De Helpmeekaar; *Ons Land*, 13.10.17: Korrespondenties – De Helpmeekaar Dag.

29. *Ons Land*, 11.9.17: Helpmeekaar-Vergadering te Caledon.

30. *De Volkstem*, 26.2.15: Vrededorp; *De Burger*, 7.3.16: Colesberg.

31. *Parlementêre Register 1910–1961* (Elsiesrivier, 1970), pp. 110, 113.

32. J.D. Kestell, *Helpmeekaar Gedenkboek*, pp. 241, 247.

33. *De Burger*, 16.3.16: Helpmeekaar; *De Burger*, 3.1.17: Adv. Conradie te Prins Alfred Hamlet; Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad (hierna KAB): Aanwinst 1469, Helpmeekaarvereniging van die Kaap-provinsie-versameling: no. 2, Ontvange Briewe 1917, Gert Jordaan – mev. H. Roux, 3.9.17.

34. *De Volkstem*, 2.10.17: ZAP Kongres.

skuldig dat hy deur sy beleid teenoor die Helpmekaar duisende Afrikaners van die SAP weerhou het om deel te neem aan die beweging.³⁵ 'n Bestudering van die bywoning van Helpmekaarbyeenkomste dui daarop dat, hoewel SAP-ondersteuners in baie gevalle in 'n mindere of meerdere mate bygedra het of teenwoordig was by die byeenkomste, hulle altyd by verre in die minderheid was in vergelyking met die Nasionaliste. Wat beslis waar is, is dat steun vanuit SAP-geledere vir die Helpmekaar beduidend genoeg was om, in die lig van dié party se standpunt dat die Helpmekaar 'n hulpmiddel van die NP was, 'n bron van kommer vir die partyleiding te wees. Die kommer blyk ook uit hul reaksie teenoor die Helpmekaar.

Die Helpmekaarbeweging het, ten spyte van die ekonomiese redes vir sy ontstaan, hom hoofsaaklik as gevolg van genoemde drie faktore midde in die partypolitieke arena van sy tyd bevind. Wat was die amptelike standpunt van die Helpmekaarbeweging ten opsigte van politieke betrokkenheid? Met die ontstaan van die beweging was die vraag of die Helpmekaar politiekgeoriënteerd sou wees al dan nie nog nie so 'n aktuele kwessie nie. Die twee Vrystaatse organisasies, naamlik die Sentrale Rebellefonds en die ANHV, het dus geen spesifieke verwysing na politiek in hul reglemente gehad nie. Dit is egter duidelik gestel dat lidmaatskap en deelname vir alle persone oop was. Die rol van die politiek by die Helpmekaar is veral gelê in die periode vóór die 1915-verkiezing toe NP-ondersteuners en NP-kandidate Helpmekaarbyeenkomste gebruik het om hul verkiesingsveldtogte te bevorder. Met die stigting van die Helpmekaarverenigings in die Kaapprovinsie, Transvaal en Natal in 1916 en 1917 was die vraag oor die politieke betrokkenheid van die Helpmekaar die algemene polemieks van die dag. Die verenigings het dus spesiale melding gemaak van die feit dat die Helpmekaar nie-polities van aard was, geen politieke party ondersteun het nie en bo partypolitiek verhewe was.³⁶

Hoewel die Helpmekaarleiers dit van die begin af duidelik gestel het dat die beweging oop was vir alle Afrikaners sonder enige politieke voorkeure, het hulle, veral in die loop van 1915, dié beginsel nie soveel beklemtoon nie en dit is selfs by geleentheid deur hulle verontagsaam. In Augustus 1915 het dr. C.P. van der Merwe, die sekretaris van die Sentrale Rebellefonds, hom soos volg uitgelaat by 'n Helpmekaarbasaar wat hy op Senekal geopen het: "Ofschoon de Saamwerk Verenigingen³⁷ niet juis bedoeld waren politieke propaganda te maken, toch zouden zij de richting aangeven aan onze voormannen op politieke gebied . . . Spreker maakte geen bezwaar dat de Saamwerk Verenigingen gebruikt werden door personen om politieke doeleinden te bereiken, hetwelk werkelijk het geval was geweest, maar dan moesten die mannen niet later alleen tijd hebben voor de politiek en de Saamwerk vergeten. Het Centraal-bestuur had besloten te trachten alle Nationalisten te krijgen om leden te worden van onze Saamwerk Verenigingen. Het werd gevoeld dat men eerst een echt Nationalist was als men ook daarbij een Saamwerk man was, en spreker's gulden raad aan een ieder was 'wordt lid van de Saamwerk', want voor de toekomst was dit de weg om de erkentelijkheid en vertrouwen van het volk te verwerven."³⁸ Met die besef in die tweede helfte van 1915 dat die Vrystaatse Nasionaliste nie alleen die Helpmekaarskuld sou kon vereffen nie, tesame met die bedreiging

35. *De Burger*, 31.10.16: Hoofartikel.

36. *De Volkstem*, 10.3.16: Helpmekaar-Vergadering; *De Burger*, 9.6.16: Konsept-Konstitusie; KAB: Helpmekaarvereniging van die Kaapprovinsie-versameling no. 1, Die Helpmekaar Vereniging in Transvaal-Statute, p. 6; V.K.A.: Helpmekaar van die Oranje-Vrystaat: Notuleboek (1927-1937), Konstitusie van die Nasionale Vrouwe Helpmekaar Vereniging, p. 3.

37. Met die stigting van die eerste Vrystaatse organisasies om die rebelle te help is die algemene beginsel wat die hulp onderlê het, naamlik om mekaar se laste te dra, aangedui deur die terme Helpmekaar of Saamwerk. Eersgenoemde term het geleidelik landwyd gewilde inslag gevind en is uiteindelik algemeen gebruik in verwysings na die Helpmekaarbeweging.

38. *De Burger*, 4.9.15: Vrouwe Saamwerk Bazaar te Senekal; *Het Volksblad*, 7.9.15: Helpmekaar Vereniging Senekal.

van die indirekte eise³⁹ van die begin van 1916 af⁴⁰ het openbarings soos die van dr. C.P. van der Merwe grootliks uit die woordeskaf van Helpmekaarleiers verdwyn. Daar is besef dat die Helpmekaar alleen die mas sou kon opkom as hulle die steun van so 'n groot groep Afrikaners moontlik kon verkry.

Teen dié agtergrond is die nie-politieke aard van die Helpmekaar tot vervelens toe deur die sentrale besture en Helpmekaarleiers beklemtoon en het hulle 'n daadwerklike poging aangewend om die Helpmekaar so ver as wat menslik moontlik was uit die politiek te hou. Oproepe om hulp is tot alle Afrikaners gedoen en besondere klem is gelê op die feit dat dit 'n volksaak was waarby alle Afrikaners belang gehad het. Waar die Helpmekaar aan politieke gebeure en uitsprake gekoppel is, het die leiers dit sover moontlik teëgespreek. Advokaat H.S. van Zijl (voorsitter van die Helpmekaarvereniging van die Kaapprovinsie) het selfs beweringe wat in die Parlement gemaak is dat die Helpmekaar polities was, met die betrokke minister in 'n briefwisseling opgeneem.⁴¹ W.A. Hofmeyr, sekretaris van die NP in die Kaapprovinsie, het sy lidmaatskap van die sentrale bestuur van die Helpmekaarvereniging van die Kaapprovinsie beëindig toe sy aandeel in die stigting van Helpmekaartakke, wat saamgeval het met sy propagandareise vir die NP in die Kaapprovinsie, die Helpmekaar se posisie as nie-politieke organisasie in gedrang gebring het.⁴² In Transvaal het B.R. Hattingh (sekretaris van die Helpmekaarvereniging in Transvaal) daadwerklike pogings aangewend om die Helpmekaar buite die politiek te hou.⁴³ Die sekretarisse van sowel die SAP-takke as die NP-takke is betrek by die uitbreiding van die Helpmekaar⁴⁴ en waar takke oorspronklik, voor die bestaan van 'n oorkoepelende Helpmekaarorganisasie in Transvaal, deur die NP gestig was, is die takke eers ontbind en dan weer gestig om sodoende enige politieke verbintenis aan 'n bepaalde politieke party uit te skakel.⁴⁵

Die grootste probleem van die sentrale besture was egter die van effektiewe beheer oor die takke en hul aktiwiteite. Die wyse van aanbieding van Helpmekaarbyeenkomste, die gees wat daar geopenbaar sou word en die uitsprake van persone wat die geleentheid open, was grootliks buite hul beheer. Ten spyte van hul magteloosheid in laasgenoemde verband, moes dié besture en die Helpmekaarbeweging die verantwoordelikheid en gevolge dra van wat by sulke geleentheid gebeur het. Hierdeur is die pogings van die sentrale besture en Helpmekaarleiers om die nie-politieke aard van die Helpmekaar te vestig, grootliks ongedaan gemaak. Die polemiek wat daar deurgaans rondom die Helpmekaar se verbintenis al dan nie met die partypolitiek geheers het, is 'n bewys van bogenoemde.

Die Helpmekaar se betrokkenheid by die politiek het ook gelei tot een van die vroeë uitings van die noue verwantskap tussen politiek en kultuur, wat 'n kenmerk van die twintigste-eeuse blanke politiek in Suid-Afrika sou word.

Die NP is gestig ter beskerming, ontwikkeling en verwesenliking van die nasjonale aspirasies van die Afrikaners. Van dié nasionale aspirasies het spesifieke Afrikanerkulturbelange

39. Eise is ingestel om te vergoed vir skade wat mense aan hul persoon gely het. Onwettige gevangeneeming en aanhouding, verwonding en ander persoonlike leed het onder bogenoemde eise geresorteer.

40. A. Ehlers, *Die Helpmekaarbeweging in Suid-Afrika: die storm- en drangjare, 1915-1920*, pp. 73-74.

41. *Ons Land*, 16.6.17: De Helpmekaar van de Kaap-Provincie; *Het Volksblad*, 22.6.17: Minister Malan en de Kaapse Helpmekaar.

42. K.A.B.: Aanwins 1469, Helpmekaarvereniging van die Kaapprovinsie-versameling: no. 2, Ontvange Briewe 1916, W.A. Hofmeyr – mev P. Roux, 8.11.16.

43. *De Volkstem*, 10.3.16: Transvaalse Helpmekaar.

44. *De Volkstem*, 4.4.16: Tvl. Helpmekaar.

45. *De Volkstem*, 5.5.16: Genl. Botha en die Helpmekaar.

(taal, geskiedenis, godsdiens) 'n primêre komponent verteenwoordig. Om bogenoemde doelwit te bereik, was die NP op die uitkyk vir openbare gebeure van hoë sigbaarheidswaarde waar Afrikanernasionalisme gemobiliseer en gekanaliseer kon word ter bevordering en bereiking van hierdie spesifieke kultuurbelange. Die Helpmekeer het vanweë sy polities-gekoppelde ontstaansgeskiedenis 'n ideale geleentheid in dié verband gebied.

Die wyse waarop Afrikaners aan die finansiële behoeftes van die Helpmekeer probeer vol doen het, het aan hulle die geleentheid gebied om hul eie kulturele gebruike, goedere en eienskappe in die praktyk aan te wend en te beoefen. Basaars, vendusies, konserte en 'n opnuut gestimuleerde verenigingslewe het Afrikaners in staat gestel om hul taal te gebruik, hul geskiedenis te herbeleef, en uit dankbaarheid teenoor God, hul naasteliefde uit te leef. Hierdeur het die Helpmekeer ook 'n kulturele karakter ontwikkel. Die Helpmekeer het dus, sonder dat dit die bedoeling was, gedien as 'n sterk stimulant vir Afrikanernasionalisme en die daarmee gepaardgaande bevordering van die Afrikanerkultuur.

Die NP se totale identifikasie met die doelstellings en praktiese manifestasie van die Helpmekeerbeweging het dié party se status as die politieke tuiste van nasionaalgesinde en kultuur- en identiteitsbewuste Afrikaners finaal bevestig. Helpmekearondersteuners met hul gestimuleerde kulturele eenheidsbewussyn en groter wordende politieke gerigtheid – juis om eersgenoemde te verwesenlik – het die NP-geledere baie versterk.

Teenoor die NP se suksesvolle diagnose van en identifisering met die Afrikaners se kultuurbehoefte kon die SAP se eenstroombeleid ('n samesmelting van Boer en Brit tot één Suid-Afrikaanse nasie) nie die Afrikaner se kultuurstrewes akkommodeer nie. Daarby het die SAP se status by nasionaalgesinde Afrikaners 'n verdere knou gekry vanweë sy onderdrukking van die Rebelle en deelname aan die Eerste Wêreldoorlog. Vanweë die reeds genoemde voordele wat die Helpmekeerbeweging vir die NP ingehou het, sou die SAP graag die Helpmekeer as 'n polities-kulturele faktor wat die party benadeel het, doeltreffend wou beveg. Doelbewuste pogings van die Helpmekeer-leierskorps om die beweging buite die politiek te hou, het dit vir die SAP egter onmoontlik gemaak om bogenoemde doel te bereik. Die SAP se onvermoë om Afrikaners vir 'n alternatiewe polities-kulturele model te mobiliseer, tesame met hul onsuksesvolle pogings om die Helpmekeer polities te neutraliseer, het dus die weg dreinerig van die party se Afrikanersteun (ten gunste van die NP) verhaas. Gegewens ontbreek om klinkklaar te bewys dat dié "Nasionale Sappe" of "wordende Nasionale" op grootskaal by die NP aangesluit het. Enkele individuele gevalle is wel bekend. Een hiervan was Johannes Bührman. Hy het as vooraanstaande SAP-lid van Ermelo by die Helpmekeerbeweging aangesluit en voorsitter van Ermelo se tak geword. In die tweede helfte van 1916 het hy besluit om die SAP te verlaat en homself as NP-kandidaat verkiesbaar te stel.⁴⁶ Die steeds groeiende steun vir die NP ten koste van die SAP in die periode na 1915, soos blyk uit verkiesingsuitslae,⁴⁷ ondersteun die tendens wat deur bogenoemde individuele geval aangedui word.

'n Verdere politieke invloed van die Helpmekeerbeweging was die mate waarin dit die gedagte van 'n hereniging van die Afrikanervolk op politieke gebied gestimuleer het. Die hoop het in sommige kringe ontstaan dat samewerking in die Helpmekeer aanleiding kon gee tot 'n

46. T.A.B.: Aanwys 1500: J.R. Bührman-versameling: vol. 2 1902-1950, Dokumente rakende politieke aangeleenthede, A.P. Otto – J.R. Bührman, 23.9.16.

47. J.H. le Roux, "Die Algemene Verkiesing van 1920" in O. Geysen en A.H. Marais (reds.), *Die Nasionale Party*, Dl. I (Kaapstad, 1975), p. 402; C. Marais, "Die Verkiesingstryd van 1921" in O. Geysen en A.H. Marais (reds.), *Die Nasionale Party*, Dl. I (Kaapstad, 1975), p. 420; C. Marais, "Die Nasionale Party en die 1924-Verkiesing – Die Pakt aan die Bewind in O. Geysen en A.H. Marais (reds.), *Die Nasionale Party*, Dl. I (Kaapstad, 1975), pp. 574-575.

politieke vereniging tussen die SAP en die NP. Hierdie gedagte is veral deur 'n persoon soos B.R. Hattingh ondersteun.⁴⁸ Ten spyte van die politieke polemieke rondom die Helpmekeer was daar wel gevalle waar takke van die SAP en NP op plaaslike vlak kragte saamgesnoer het ter wille van die Helpmekeer.⁴⁹ Afkeurende reaksie oor 'n wye front⁵⁰ in die eerste helfte van 1916 teen die instelling van eise vir skade wat mense aan hul persoon gely het as gevolg van onwettige gevangene, aanhouding en verwonding (die reeds genoemde indirekte eise) het 'n ideale geleentheid vir sodanige samewerking geskep. Daar was in talle gevalle samewerking tussen die partye op die eise te beëindig en dit het die gedagte van hereniging 'n hoogtepunt laat beleef.⁵¹ Die gebeure in Middelburg (Transvaal) was 'n goeie voorbeeld hiervan. B.P. Coetzee het oor die samewerking soos volg kommentaar gelewer: "Nog wens ik hier by te voegen, dat de geest van samenwerking van beide partijen uitstekend was, en ik ben overtuigd ervan als wij op deze wijze aangaan, wij nog in de toekomst andere grote dingen zaam zullen kunnen verrichten, en niet meer twee partijen zullen wezen, maar één krachtige partij en één volk dat slechts één doel zal hebben."⁵²

Die Afrikaner se kenmerkende onvermoë om sy mooi woorde oor eenheid in betekenisvolle en blywende gebeure gestalte te gee, het in dié periode duidelik geblyk. Die verwagtinge wat van die Helpmekeer gekoester is ten opsigte van hereniging het nie gerealiseer nie, aangesien dié verwagting nie deur die onderskeie partyleidings met dieselfde entoesiasme gekoester en ondersteun is nie. Drome van hereniging het dus hoofsaaklik beperk gebly tot plaaslike vlak. Ten spyte van die afwesigheid van sigbare welslae op die gebied van hereniging het die Helpmekeer wel 'n bydrae gelewer deurdat dit groepe Afrikaners met verskillende politieke sienswyses bymekaar uitgebring het, laat saamwerk het en weer hul gemeenskaplikheid in hul gedeelde Afrikanerskap laat besef het, om sodoende die hoop vir 'n moontlike hereniging in die toekoms lewend te hou.

In die laaste instansie het die Helpmekeergebeure ook die noue bondgenootskap tussen koerante en politieke partye beklemtoon. Regerings- en SAP-gesinde koerante soos *Ons Land* en *De Volkstem* was simpatiekgesind teenoor die basiese idee van die Helpmekeer.⁵³ Bogenoemde koerante het sowel in die stryd teen die indirekte eise⁵⁴ as die groot insamelveldtog van 1917⁵⁵ hul steun aan die Helpmekeer toegesê. Dit het hulle egter nie verhoed om deurgaans regering- en SAP-standpunte en optredes ten opsigte van die rebelle en die Helpmekeer te verdedig, te regverdig of positief te belig nie,⁵⁶ of insinuasies te maak dat die Helpmekeer 'n politieke liggaam is of deur die NP misbruik word om party-propaganda te maak nie,⁵⁷ en kritiek te lewer teen die gebrekkige inligting omtrent die Helpmekeer se fondse en hoe dit aangewend word.⁵⁸ Deur bogenoemde benadering het hulle die Helpmekeer by herhaling genoop om die nie-politieke aard van die beweging te bevestig en presies uit te spel hoe die fondse geadmistrateer en waarvoor dit aangewend word. Sodoende het die koerante

48. *De Burger*, 4.3.16: Standerton; *De Volkstem*, 10.3.16: Transvaalse Helpmekeer.

49. *De Volkstem*, 24.3.16: Vrijstaats Mensen en Dingen; *Ons Land*, 27.9.17: Helpmekeer, Piketberg; K.A.B.: Aanwinst 1469: Helpmekeervereniging van die Kaapprovinsie-versameling no. 1, Korrespondensie 1917, J.A. Visser – mev. Paul Roux, 23.10.17.

50. *Ons Land*, 25.1.16: Het Centraal Rebellefonds; *De Volkstem* 21.1.16: Hoofartikel; *The Friend*, 8.3.16: Hoofartikel; *De Burger*, 21.1.16: Kestell, OVS.

51. *De Burger*, 4.2.16: Kestell, OVS; *De Volkstem*, 24.3.16: Vrystaats Mensen en Dingen.

52. *De Volkstem*, 7.4.16: Onze Gevangenen.

53. *Ons Land*, 19.2.16: Hoofartikel; *De Volkstem*, 4.5.15: Hoofartikel.

54. *Ons Land*, 19.2.16: Hoofartikel; *De Volkstem*, 21.1.16: Hoofartikel.

55. *De Volkstem*, 11.9.17: Hoofartikel; *Ons Land*, 13.10.17: Hoofartikel.

56. *De Volkstem*, 5.5.16: Hoofartikel; *Ons Land*, 13.4.16: Hoofartikel.

57. *De Volkstem*, 10.3.16: Transvaalse Helpmekeer; *Ons Land*, 2.11.16: Hoofartikel.

58. *De Volkstem*, 22.2.16: Hoofartikel; *De Volkstem*, 11.8.16: Hoofartikel.

as die verlengde arm en waghond van die Regering en die SAP opgetree om enige voordeel wat die NP uit die Helpmekaar kon behaal, te neutraliseer.

Nasionaalgesinde koerante soos *De Burger* en *Het Volksblad* het as bondgenote van die NP, die party en sy volgelinge se gevoelens en strewes in verband met die Helpmekaar verwoord. Behalwe dat die Helpmekaar as nasionale Afrikanersaak bevorder is,⁵⁹ het die koerante ook die regeringsreaksie teenoor die Helpmekaar gekritiseer en vir die NP politieke munt daaruit probeer slaan deur laasgenoemde se ondersteuning van die Helpmekaar te onderstreep⁶⁰. *De Burger* se algehele vereenselwiging met die Helpmekaar⁶¹ en die leiersrol wat die koerant onder leiding van dr. Malan tydens die insamelingsveldtogte gespeel het,⁶² het hom gevestig as spreekbuis van die nasionaalgesinde Afrikaner. Die verwerping van laasgenoemde status het 'n sleutelrol gespeel in *De Burger* se geslaagde oorlewing tydens die moeilike suigelingsjare van die koerant. Die Helpmekaarinsameling was ook die begin van 'n tradisie waarvolgens die koerant deur die jare sy lesers sou oproep ter ondersteuning van noodfondse – altyd met 'n positiewe gevolg.⁶³

Kerk en Godsdiens

Op geestelike terrein het die Helpmekaargebeure ook sy invloed laat geld. Veral twee kenmerke van die Afrikaner se geestelike lewe, naamlik die noue verwantskap tussen volk en kerk, en die Afrikaner se godsdienstige ingesteldheid is herbevestig en in dié proses dieper in sy volkskarakter ingebed.

Die Afrikaanse kerke, en in besonder die Nederduits Gereformeerde Kerk, het hulle vanaf 1915 op 'n deurlopende basis op sentrale vlak (sinodes en moderatore) sowel as op plaaslike vlak (kerkrade en predikante) beywer om status en aansien te gee aan die Helpmekaar as 'n saak wat die welsyn van die volk bevorder het. Die kerk het deur sy sentrale gesagsliggame enpersone steun gegee aan aspekte soos die stryd teen die indirekte eise, waar hy 'n deur-slaggewende versoenende rol gespeel het,⁶⁴ die erkenning van die Helpmekaardag en die gepaardgaande insamelings,⁶⁵ asook die aansporing van sy lidmate tot ondersteuning van die Helpmekaar in die algemeen.⁶⁶ Die algemeen gunstige reaksie (byvoorbeeld ten opsigte van die indirekte eise⁶⁷ en bydraes tot die £100-fonds)⁶⁸ wat die kerk se bemoeienis met die Helpmekaar van sy lidmate ontlok het, het enersyds die gesag wat die kerk se stem by die volk gedra het, bevestig. Andersyds kan dit ook gesien word as 'n reaksie gebore uit die waardering wat die lidmate (volk) gehad het vir die simpatieke ondersteuning en identifisering van die

59. *De Burger*, 21.9.15: Helpmekaar; *Het Volksblad*, 5.5.16: Hoofartikel.

60. *Het Volksblad*, 24.7.17: Hoofartikel; *Het Volksblad*, 7.9.17.

61. *De Burger*, 13.11.15: Hoofartikel.

62. J.D. Kestell, *Helpmekaar Gedenboek*, pp. 26, 30-31, 267-312.

63. *De Burger*, 11.11.87.

64. P.R. du Toit, Die Rebelle en die Ned. Geref. Kerk in die Vrystaat, 1914-1919, pp. 33-34; V.K.A.: Vrystaatsse Nederduitse Gereformeerde Kerk-versameling: Acta Sinodi, 1916, pp. 14-15, 19, 26; P.R. du Toit, Die drie Afrikaanse Kerke en die Rebelle, pp. 249-250; *De Burger*, 7.6.16: Hoofartikel.

65. *De Kerkbode*, 6.9.17: Helpmekaardag – 10 Nov. 1917; *De Burger*, 29.9.17: Hoofartikel; *De Volkstem*, 25.9.17: Hulp van ons Kerk vir Helpmekaardag; *De Kerkbode*, 4.10.17: N.G. Kerk van OVS; *De Kerkbode*, 18.10.17: N.G. Kerk van Natal; P.R. du Toit, Die drie Afrikaanse Kerke en die Rebelle, pp. 257-259.

66. *De Kerkbode*, 19.10.16: Kolom van den Redacteur.

67. *Het Volksblad*, 30.5.16: Greyling Kontra Rebelle; *De Volkstem*, 6.6.16: Skikking insake onregstreekse eisen.

68. *De Burger*, 16.11.17: Hoofartikel.

kerk met die volksbelange. Hierdie wisselwerking het die noue verwantskap tussen volk en kerk bevestig.

Op plaaslike vlak was die steun van die kerk, by monde van die plaaslike predikant en kerkraad, 'n belangrike faktor wat die welslae van die Helpmekeer beïnvloed het, alhoewel dit vir die bedrywighede van dié vereniging nie onontbeerlik was nie. Dit was vir Afrikaners belangrik dat hul plaaslike leraar die Helpmekeer moet ondersteun en dit goedgesind moet wees. Hierdie behoefte aan die steun van die kerk kan andersyds toegeskryf word aan die Afrikaner se godsdiensstige ingesteldheid en andersyds aan 'n behoefte aan 'n versekering dat sy politieke, sosiaal-maatskaplike en kulturele strewes geregverdig was en God se "goedkeuring en seën" weggedra het. Waar die plaaslike predikant die Helpmekeer goedgesind was en aan die aktiwiteite deelgeneem het, het dit die Helpmekeer se saak bevorder en harmonie tussen kerk en volk gebring.

Hierdie behoefte is verwoord deur "Pijpsteel" van Philippolis wat soos volg oor die predikante se betrokkenheid by 'n Helpmekeerbasaar wat op die dorp gehou is, geskryf het: "Maar kyk, de Afrikaners van Smithfield hebhen een groot voorrecht. Als daar onder hen nog enkele zijn die nog Jingoës zijn, dan is dit niet de predikant z'n schuld. Dit is lekker om naar zo 'n Afrikaner predikant te luisteren. Hij zei o.m., dat God het Afrikaner volk samengevoegd heeft en dat de mens tevergeefs zal trachten het te scheiden. Om maar kort te zijn zal ik maar met één woord zeggen, hij is een "Nationale man", die staat voor zijn volk."⁶⁹ Van Wolmaransstad het 'n korrespondent oor die predikant se teenwoordigheid by 'n Helpmekeerkonsert geskryf: ". . . ons seer geachte Dominee was ook teenwoordig – hij is mos nie alleen Godsman, maar ook Volksman!"⁷⁰

In gevalle waar die predikant die beweging vyandiggesind was of neutraal gestaan het,⁷¹ was dit 'n remmende faktor, maar nie 'n onoorkomelike probleem vir die aktiwiteite van die Helpmekeer nie. Op Villiersdorp het die predikant sy steun van die Helpmekeerbasaar weerhou en geweier dat die kerksaal vir die basaar gebruik word. Ten spyte van die feit dat die Helpmekeer as gevolg van die predikant se houding steun op die dorp ingeboet het, het die korrespondent die gemeente se reaksie op die predikant se houding beskryf as: "Baing van die gemeente voel erg hartseer hier o'er."⁷² Die basaar is nogtans gehou en wel in die saal van die sendinggemeente.⁷³ Hoewel daar gevalle van teenkanting (hoofsaaklik as gevolg van politieke oorwegings) vanuit kerklike geleedere teen die Helpmekeer was, kan dit sonder twyfel gestel word dat die kerk oor die algemeen, hoewel sensitief vir enige moontlike verdeeldheid wat sy besluite kon veroorsaak, die saak goedgesind was.⁷⁴ Deurdat kerk en volk se belange en strewes ten opsigte van die Helpmekeer oorwegend met mekaar ooreengestem het, is die band tussen volk en kerk verstewig en opnuut bevestig.

Die godsdiensstige uitdrukkings waarmee die Afrikaners die ontstaan en ontwikkeling van die Helpmekeer verwoord het, het hul godsdiensstige ingesteldheid onderstreep. Die talle voorbeelde soos byvoorbeeld die siening van J.E. de Villiers jr. dat die Helpmekeer die wyse was waarop God die volk getoets het, oud-president M.T. Steyn se wyd ondersteunde siening

69. *Het Volksblad*, 20.7.15: Helpmekeer te Philippolis.

70. *De Burger*, 27.7.15: Ten bate van die Helpmekeer Fondse.

71. *De Burger*, 10.4.16: Helpmekeer te Van Rhijnsdorp.

72. *De Burger*, 8.3.16: Villiersdorp.

73. *Ibid.*

74. N.G. Kerkargief, Kaapstad (hierna N.G.K.A.): G.1 1/43, Kaapstad-notule 1913-1922: Kerkraadsvergadering, 15.10.17; N.G.K.A.: G.5 1/5, Swartland-notule 1913-1926: Kerkraadsvergadering, 15.10.17; N.G.K.A. G.7 1/5, Swellendam-notule 1911-1926: Kerkraadsvergadering, 8.10.17; N.G.K.A.: G.27 1/5, Victoria-Wes-notule 1914-1933: Kerkraadsvergadering, 8.10.17; P.R. du Toit, *Die Rebelle en die Ned. Geref. Kerk in die Vrystaat, 1914-1919*, pp. 39-41.

dat die Helpmekeer uit God gebore is, die godsdienstige skakeling waarin dr. Malan die Helpmekeergebeure van 1917 geskilder het, asook Afrikaners se algemene dankbaarheid teenoor God vir die suksesvolle afloop van die Helpmekeer⁷⁵ is voldoende bewys van bogenoemde.

Die wyse waarop die Afrikaners tot die slotsom geraak het dat die Helpmekeer en die daarmee gepaardgaande nuwe gees onder Afrikaners Godgegewe was, is treffend verwoord deur mev. H.J. van der Walt van Middelburg in die Kaapprovinsie toe sy die saak soos volg beredeneer het: "Als ik zo stil sit te denken aan de toestand, de treurige toestand van ons land, dan komt het bij mij op: van waar die geest onder de mensen? Van waar die nationale ijver? Zou het wezen een hersenschim die aanstekelik is, en bij iedereen grond vat, of zou het wezen een hijgen naar iets anders, iets dat de eentonigheid van ons alledaagse leven verwisselt? Maar neen, deze antwoorden op min vraag geven mij zelf geen bevrediging. Het is iets niet van de mens. Het is een inspiratie van een Hoger hand. Een inspiratie van de Vader, die ons volk van oudsher geleid en bestierd heeft; en wij moeten Hem de eer en de dank brengen voor die inspiratie, voor die geest van volksbestaan, die wij ondanks onself, niet kunnen weerstaan . . . Het is een voerecht ons van gode toegekend, een voerecht waarvoor wij Hem immer dankbaar zullen zijn. Niet in onze eigen kracht gaan wij, niet in onze eigen mensieliefde, of onze eigen goedheid; maar wij zeggen Gode dank, dat Hij ons de wil daartoe gegeven heeft, om Helpmekeer-moeders en -dochters te worden."⁷⁶

Ekonomie

Daar kan slegs gespekuleer word oor die invloed wat die eise van die lojaliste op die ekonomiese posisie van die rebelle sou gehad het, indien die Helpmekeer nie tot stand gekom het nie. R.T. van der Merwe het in sy voorsittersverslag aan die Bethlehem-Saamwerk die potensiele uitwerking van die eise, asook die voorkomende rol wat die Helpmekeer in dié verband gespeel het, soos volg verduidelik: "Die (Helpmekeer) het persone vir uitroeiing bewaar, sodat daar tot vandag in ons distrik nog nie 'n duim Grond, Bees, Perd of Skaap of wat ook al, naar die mark gedrijf is. Wat anders sou gebeur het als dit nie was vir die beweging nie? Grond en goed sou in die mark geforseer gewees het en gevolglik sou daar so 'n daling in waarde ontstaan het dat daar 'n paniek in die geldmarkte sou gekom hê, dat minstens 75% van onse Boere en andere vandag in die Bankroet howe sou gewees hê, en sou dit dan net die opstandeling geraak het. Het hij alleen 'n verband op sy plaas of alleen skuld? So of ons al 'n opstandeling of Goevernements ondersteuner of wat ook al is, die posisie raak ons almal."⁷⁷

Van der Merwe se waarneming en evaluasie het die algemene gevoel van die tyd weerspieël en is ook deur statistiek in verband met die rebelleskuld ondersteun. Die Helpmekeer het ongeveer £285 000-£290 000 uitbetaal om die skuld van die rebelle te delg. Die bedrae is slegs uitbetaal nadat die eise drasties verminder is deur Helpmekeerbemiddeling. In die Noord-Vrystaat is eise van £419 805 7s 9d verminder tot £255 419 16s 5d.⁷⁸ Die vermindering van die indirekte eise van 'n potensiele £750 000⁷⁹ na tussen £75 000-£58 000⁸⁰ is 'n verdere

75. A. Ehlers, Die Helpmekeerbeweging in Suid-Afrika: die storm- en drangjare, 1915-1920, pp. 63, 131, 136-138.

76. *De Burger*, 22.12.15: Staat Allen Bij Elkaar!

77. *Het Volksblad*, 20.3.17: Bethlehem Saamwerk.

78. A. Ehlers, Die Helpmekeerbeweging in Suid-Afrika: die storm- en drangjare, 1915-1920, pp. 119, 165, 167.

79. *De Burger*, 29.12.15: OVS Saamwerk.

80. A. Ehlers: Die Helpmekeerbeweging in Suid-Afrika: die storm- en drangjare, 1915-1920, p. 95.

bewys van die reuse-werk wat die Helpmekaar gedoen het. 'n Beklemtone van die waarde van die Helpmekaar se werk ten opsigte van die indirekte eise was die uitspraak van H.J. Wessels, voorsitter van die SAP-tak op De Wetsdorp, naamlik dat indien die eise moes betaal word, daar weldra 1200 plase in die mark sou wees.⁸¹ Verder moet in gedagte gehou word dat die rebelle ook skade gely het tydens die Rebelle "van wege die buitmakerij en kommandeer-proces van die Regering."⁸² Die skade is aanvanklik (1915) gestel op £250 000,⁸³ maar in 1917 beraam op £750 000⁸⁴. Hoewel *Ons Land* laasgenoemde skatting as te ruim beskou het,⁸⁵ kan skade wat op die wyse gely is nie buite rekening gelaat word nie. Vir dié verliese het rebelle geen vergoeding ontvang nie,⁸⁶ wat die belangrikheid van die Helpmekaar se bydrae tot die voorkoming van grootskaalse bankrotskap onder rebelle onderstreep. (Dié statistiek kry groter betekenis as in gedagte gehou word dat £100 in 1917 vandag gelykstaande is aan ongeveer R4000⁸⁷). Deurdat die Helpmekaar bogenoemde proses verhoed het, het hy 'n moontlike ineenstorting van die Noord-Vrystaatse en Wes-Transvaalse ekonomieë, wat beslis ook die ekonomiese posisie van die Unie as geheel sou beïnvloed het, voorkom. Die gedeelte van die Helpmekaarkapitaal wat vir bogenoemde doel aangewend is, het geen verbetering of groei in die ekonomiese posisie van die Afrikanervolk veroorsaak nie, maar slegs verseker dat die status-quo gehandhaaf is. In dié sin kan hiervan as "negatiewe" kapitaalaanwending gepraat word. Die feit dat die Helpmekaar egter ook oor 'n surplus-kapitaal van £92 501 beskik het,⁸⁸ het hom in staat gestel om ook deur middel van "positiewe" kapitaalaanwending 'n bydrae te lewer. Die surplus sou in die toekoms aangewend word om die ekonomiese en kulturele groei en vooruitgang van die Afrikaner te bevorder deur die verskaffing van onderwys en opvoedingshulp. Dit is op hierdie terrein waar die Helpmekaar in die jare na die vereffening van die rebelleskuld 'n groot invloed sou uitoefen.

Afgesien van die invloed op ekonomiese gebied wat die Helpmekaar deur middel van sy harde kontant uitgeoefen het, het die finansiële suksesverhaal van die beweging ook 'n besondere invloed op die geestelike ingesteldheid van die Afrikaners ten opsigte van die ekonomiese en sakewêreld uitgeoefen. Die Helpmekaar het die inhiberende invloed van die steeds groeiende armblankeprobleem op die Afrikaner se vermoë om aan te pas en vordering te maak in die meer stedelik georiënteerde ekonomiese en sakewêreld, asook sy minderwaardigheidskompleks in dié verband, met welslae aangespreek. Die finansiële sukses van die Helpmekaar het die Afrikaners laat besef dat, hoewel hulle as individue nie besonder kapitaalkragtig was nie, hulle wel deur samewerking en die vereniging van hul kapitaal in staat was tot 'n kapitaalkragtigheid waarmee hulle die armblanke, asook hul ander ekonomiese probleme, met vertroue kon aandurf.⁸⁹ Die selfvertroue op ekonomiese en finansiële gebied en die prikkeling wat die Helpmekaar verskaf het, het die proses waardeur die Afrikaner uit sy dop begrin kruip het, gestimuleer. Die groot aantal ekonomiese skemas en planne waarmee vorendag gekom is nadat dit bekend geword het dat daar 'n surplus-kapitaal sou wees, getuig hiervan. 'n Voorstel wat baie ondersteuning geniet het, was die oprigting van industrieë. Die oprigting van verskeie soorte fabriekke is gepropageer, soos byvoorbeeld die voorstel van L.R.

81. *De Volkstem*, 17.3.16: Helpmekaar en ZAP.

82. *De Burger*, 25.9.15: Open Brief.

83. *Ibid.*

84. *Het Volksblad*, 24.7.17: Hulp vir die Helpmekaar.

85. *Ons Land*, 24.7.17: De Helpmekaar.

86. UG 40-16: Report of the Rebellion Losses Commission, p. 9.

87. *De Burger*, 11.11.87: Oom Japie het R20 000 gegee.

88. A. Ehlers, *Die Helpmekaarbeweging in Suid-Afrika: die storm- en drangjare, 1915-1920*, p. 167.

89. *De Burger*, 23.11.17: Open Brief; *De Burger*, 23.11.17: Generaal Hertzog oor die Helpmekaar; *Het Volksblad*, 23.11.17: Het Voortbestaan van de "Helpmekaar".

Vierdag wat olie uit mielies wou vervaardig⁹⁰ en J.F. Badenhorst wat 'n wolfabriek wou oprig.⁹¹ Opvoeding het die meeste steun geniet en voorstelle het gewissel van hulp aan leerlinge dat hulle ten minste matriek kon maak⁹² tot die ondersteuning van nywerheid-skole.⁹³ Die stigting van 'n Afrikaanse bank,⁹⁴ arbeidskolonies⁹⁵ en 'n koöperatiewe vereniging wat finansiering kon verskaf,⁹⁶ was enkele ander voorstelle wat aan die hand gedoen is.

De Burger het in 'n bespreking van die faktore wat vir die ekonomiese oplewing onder die Afrikaners verantwoordelik was, die Helpmekaar se invloed in dié verband soos volg beskryf: "Hierbij kan nog gevoegd worden de invloed van de grote, historiese Helpmekaar-beweging, die bij de Afrikaner zijn zelfrespekt heeft verhoogd, bij hem een vroeger ongekend zelfvertrouwen heeft gewekt, en hem getoond heeft waartoe het Afrikaner volk instaat is indien het zijn richting kiest en zijn krachten verenigt. Het gevolg van dit alles is een sterke en toenemende begeerte voor de oprichting van handelshuizen en andere finantiële ondernemingen, voor organisatie onder alle klassen van boeren en voor de stichting van een boeren koöperatiewe bank om met zulke organisaties samen te werken en hun sukses te verzekeren."⁹⁷

In hierdie verband is dit nodig om ook die rol van die kapitaalkragtige Afrikaners in die Westelike Provinsie uit te sonder. Die bydrae van bogenoemde Afrikaners tot die sukses van die £100-fonds was veral deurslaggewend. Deur hul flinke reaksie op die oproep het hulle die oorgrote meerderheid van die eerste honderd bydraes gelewer.⁹⁸ Die Afrikaners van die Westelike Provinsie, en meer spesifiek die boere-element, het die geleentheid benut om hul kapitaal aan te wend vir 'n Afrikanersaak waardeur hulle Afrikanernasionalisme op nasionale vlak kon bevorder. Deur hul flinke reaksie het hulle nie net die welslae van die insameling verseker nie, maar ook die pas van die insameling aangegee. Dit het onder andere die Vrystaatse Afrikaners aangespoor om bydraes te maak waaroor hulle gedink het dat hulle self nie beskik het nie – in so 'n mate dat hulle uiteindelik meer as die Kaapprovinsie tot die £100-fonds bygedra het.⁹⁹ Hierdie optrede van die kapitaalkragtige, nasionaalgesinde Afrikaners in die Westelike Provinsie het deel gevorm van 'n tendens wat veral na 1914 ontwikkel het. Dit was naamlik dat bogenoemde Afrikaners die leiding geneem het om Afrikanerkapitaal te mobiliseer ter bevordering van die nasionale belange van die Afrikaners en Afrikanernasionalisme. Die totstandkoming van die Nasionale Pers en die koerant *De Burger* in 1915 was die eerste sukses in dié verband. Dit is gevolg deur die £100-fonds van die Helpmekaar (1917) en Santam en Sanlam (1918).¹⁰⁰ Van die finansiële Afrikanerinstelling wat na aanleiding van die Helpmekaar ontstaan het en inspirasie uit die beweging geput het, is Santam en Sanlam seker die bekendste.¹⁰¹ Dit is insiggewend dat verskeie lede van Santam se eerste direksie noue

90. V.K.A.: Helpmekaar van die Oranje-Vrystaat: Helpmekaar Korrespondensie 1916–1919, L.R. Vierdag – Sekretaris Helpmekaar Vereniging Bloemfontein, 24.11.17.

91. *De Burger*, 8.12.17: Helpmekaar Surplus.

92. *De Burger*, 19.12.17: Korrespondentie.

93. *Het Volksblad*, 22.3.18: Helpmekaar Kongressen.

94. *Het Volksblad*, 23.11.17: Het Voortbestaan van de "Helpmekaar".

95. *De Burger*, 1.12.17: Het Helpmekaar Surplus.

96. *De Volkstem*, 4.1.18: De Surplus-fondsen.

97. *De Burger*, 27.12.17: Hoofartikel.

98. *De Burger*, 29.9.17: Hoofartikel.

99. J.D. Kestell, *Helpmekaar Gedenkboek*, pp. 241–262.

100. H. Giliomee en H. Adam, *Afrikanermag. Opkoms en Toekoms*, pp. 109–110; E.P. du Plessis, *'n Volk staan op*. (Kaapstad, 1964), pp. 35–36, 52–54.

101. N.J. le Roux; W.A. Hofmeyr — *sy Werk en Waarde*, (Kaapstad, 1953), pp. 124–125; Sanlam-argief: Kabinet N 2070(d), Lêer 980 Sanlam Deel I: Manuskrip van W.J. Bezuidenhout oor die geskiedenis van Sanlam, p. 2.

verbintnisse met die Helpmekaar gehad het. W.A. Hofmeyr, die eerste voorsitter van die direksie, asook T.J. Louw, 'n direksielid,¹⁰² het albei op die sentrale bestuur van die Helpmekaarvereniging van die Kaapprovinsie gedien,¹⁰³ terwyl Fred Dormehl, die eerste besturende direkteur,¹⁰⁴ onder meer in die beleggingskommissie, belas met die belegging van die surplus van die Kaapse Helpmekaar, gedien het.¹⁰⁵ Nog 'n direksielid, A.J. Benning,¹⁰⁶ het 'n leidende rol gespeel in die stigting van die Helpmekaarvereniging van die Kaapse Skiereiland waarvan hy ook 'n bestuurslid was.¹⁰⁷ Soos reeds genoem, was laasgenoemde organisasie die voorloper van die Helpmekaarvereniging van die Kaapprovinsie. Bogenoemde persone het ook dieselfde poste in die eerste direksie van Sanlam beklee.¹⁰⁸ Die Helpmekaarvereniging van die Kaapprovinsie het Santam in sy eerste bestaansjaar ook van broodnodige ondersteuning voorsien. Die Vereniging het naamlik 'n bedrag van £26 850 in verbande deur die tussenkoms van Santam belê.¹⁰⁹

Die Helpmekaar het dus bygedra om die proses van ekonomiese “nasionaalwording” van die Afrikaner aan die gang te sit. Deur dié proses sou die Afrikaner uiteindelik vorder van 'n toestand van totale afwesigheid in die ekonomiese sakewêreld, wat gekenmerk is deur sy gebrek aan beheer oor en voorsiening in sy eie ekonomiese en sakebehoefes, tot 'n posisie van selfstandige volwassenheid en feitlike selfvoorsiening in die verband.

Die Helpmekaar het dus bygedra om die proses van ekonomiese “nasionaalwording” van die Afrikaner aan die gang te sit. Deur dié proses sou die Afrikaner uiteindelik vorder van 'n toestand van totale afwesigheid in die ekonomiese en sakewêreld, wat gekenmerk is deur sy gebrek aan beheer oor en voorsiening in sy eie ekonomiese en sakebehoefes, tot 'n posisie van selfstandige volwassenheid en feitlike selfvoorsiening in die verband.

Kultureel/sosiaal

Daar is reeds verwys na die kulturele karakter wat die Helpmekaar ontwikkel het en die noue verwantskap wat tussen politiek en kultuur, ook in die Helpmekaar, bestaan het. Die kulturele invloed wat van die Helpmekaar uitgegaan het, was deels gestruktureerd en deels spontaan van aard. Met die stigting van die verskillende Helpmekaarverenigings is in talle gevalle doelstellings aanvaar wat die bevordering van Afrikanerkultuurbelange ingesluit het.¹¹⁰ Die Helpmekaarvereniging van die Kaapprovinsie het hom onder andere ten doel gestel om “een eigen Afrikaans kultuurlewen op te bouwen . . . De aankweking by Hollandssprekende Afrikaners van 'n gevoel van zelfbewustzijn en van waardering van hun taal, geschiedenis, tradities en godsdienst. De verspreiding van geschikte Hollandse lektuur, het houden van lezingen, konserten, opvoeringen, voordrachten, gezellige bijeenkomsten . . .”¹¹¹ In die lig van boge-

102. N.J. le Roux, *W.A. Hofmeyr — sy werk en waarde*, (Kaapstad, 1953), pp. 128-129.

103. Helpmekaar-Studiefondskantoor, Kaapstad (hierna H.S.K.): Helpmekaarvereniging van die Kaapprovinsie: Notuleboek (1916-1925), 1916, p. 9.

104. N.J. le Roux, *W.A. Hofmeyr — sy werk en waarde*, (Kaapstad, 1953), p. 128.

105. H.S.K.: Helpmekaarvereniging van die Kaapprovinsie: Notuleboek (3.7.16-20.5.19), 8.6.18, p. 117.

106. N.J. le Roux, *W.A. Hofmeyr — sy Werk en Waarde*, (Kaapstad, 1953), p. 128.

107. *De Burger*, 7.12.15: Helpmekaar; *Ons Land*, 15.1.16: Helpmekaar-Vereniging.

108. W.P.G. Koen, *Sanlam tussen twee Wêreldoorloë: sy Stigting, Groei en Stryd om 'n ekonomiese Staanplek vir die Afrikaner 1918-1939*, p. 73.

109. H.S.K.: Helpmekaarvereniging van die Kaapprovinsie: Notuleboek (1916-1925), 1919, p. 3.

110. *Het Volksblad*, 13.7.15: Regels en Regulaties van de Potchefstroom Helpmekaar Vereniging; *Het Volksblad*, 30.6.16: NVHV: Konsep Konstitusie; V.K.A.: Helpmekaar van die Oranje-Vrystaat: Notuleboek (16.3.15-18.8.26), Reëls en Regulasies van die Helpmekaar van die Oranje Vrijstaat, pp. 1-2.

111. H.S.K.: Helpmekaar Studiefonds: Argiefstukke, Konsep-Konstitutie (pamflet).

noemde is dit te verstane waarom die beweging in al die provinsies Afrikaans as sy amptelike taal aanvaar het.¹¹² Die rebelleskuld en die Helpmekaar se verbintenis tot die uitwissing daarvan het die doelbewuste nastrewing van bogenoemde doelstellings aanvanklik op die agtergrond geskuif. Besluite om Geloftedag te vier, Bethulie se plaaslike konsentrasiekampkerkhof te verbeter¹¹³ en die grafte van Piet Retief en sy manskappe te herstel,¹¹⁴ is wel geneem, maar meer gestruktureerde pogings om die kultuur te bevorder, is eers na die vereffening van die rebelleskuld in 1917 aangewend. Die beskikbaarstelling van pryse vir leerlinge wat die beste opstelle oor die geskiedenis van Suid-Afrika skrywe¹¹⁵ asook geldelike steun vir die opstel van 'n Afrikaans-Engelse tweetalige woordeboek deur die Helpmekaarvereniging van die Kaap-provinsie,¹¹⁶ toekennings vir die beste presteerders in die Taalbondeksamen en die Saamwerk Unie Afrikaner Eksamen in Natal deur die NVHV in Natal¹¹⁷ en geldelike bydraes aan die Grey-Universiteitskollege, die Oranje-Meisieskool en Christelik Nasionale Onderwys in Rhodesië deur die Helpmekaar van die Oranje-Vrystaat¹¹⁸ is voorbeelde van bogenoemde gestruktureerde pogings. Hoewel daar op dié wyse 'n begin gemaak is met die doelbewuste nastrewing van die Helpmekaarbeweging se kulturele doelwitte sou die reuse-bydrae van die beweging in dié verband eers na 1920 gelewer word.

Van groter belang vir die periode 1915-1920 is die geleentheid wat die Helpmekaar geskep het vir die spontane bevordering van die Afrikaner se kultuur deur middel van sy fondsinsamelingpogings. Deur die talle Helpmeekaarkonserte het hulle 'n geleentheid gekry om in Afrikaans te skep, te sing, voor te dra en toneel te speel. Die Afrikaners is ook by dié geleenthede bewus gemaak van hul gemeenskaplike verlede deurdat baie van die temas teruggegryp het na gebeure rondom die Voortrekkers en die Anglo-Boereoorlog.¹¹⁹ Die inspirasie wat van die Helpmekaar uitgegaan het, het ook neerslag gevind in talle gedigte in Afrikaans waarin die Helpmekaar besing is.¹²⁰ Op bogenoemde wyse het die Helpmekaar dus ook 'n bydrae gelewer tot die bevordering van Afrikaans en die stimulering van die Afrikaner se historiese bewussyn.

Op sosiale vlak het die Helpmekaar aan Afrikaners 'n geleentheid gebied om nou saam te werk om 'n gedeelte van hul volksgenote wat in die moeilikheid was, te help. 'n Gees van ongekende offervaardigheid het onder hulle posgevat, waardeur hulle kon demonstreer dat hulle as lede van dieselfde volk nog vir mekaar omgee het. 'n Geleentheid tot versoening tussen Afrikaners wat vroeër hoofsaaklik as gevolg van politieke verskille van mekaar verveem geraak het, is dus geskep.

-
112. V.K.A.: Helpmekaar van die Oranje-Vrystaat: Notuleboek (1927-1937), Konstitusie van die Nasionale Vrouwe Helpmekaar Vereniging, p. 13; V.K.A.: Helpmekaar van die Oranje-Vrystaat: Notuleboek (16.3.15-18.8.26), Reëls en Regulasies van die Helpmekaar van die Oranje Vrijstaat, p. 8; *De Volkstem*, 14.1.16: Helpmekaarbeweging in Transvaal; H.S.K.: Helpmekaarvereniging van die Kaapprovinsie: Reëls en Regulasies van die Helpmekaarvereniging van die Kaapprovinsie, p. 9; KAB: Aanwys 1469, Helpmekaarvereniging van die Kaapprovinsie-versameling: no. 1, Die Helpmekaar Vereniging in Transvaal-Statute, p. 6.
113. *De Burger*, 15.9.15: Bethulie, OVS.
114. *Het Volksblad*, 19.12.16: Nasionale Vrouwe Helpmekaar Verenigingen.
115. H.S.K.: Helpmekaarvereniging van die Kaapprovinsie: Notuleboek (1916-1925), 1919, p. 8.
116. H.S.K.: Helpmekaarvereniging van die Kaapprovinsie: Notuleboek (1916-1925), 1920, p. 9.
117. H.S.K.: Die Helpmekaar van Natal: Notuleboek (6.6.17-24.8.40), 20-21.6.18.
118. V.K.A.: Helpmekaar van die Oranje-Vrystaat: Helpmekaar Algemene Korrespondensie 1921-1947, Omslag: Oproep (Die Helpmekaar van die Oranje Vrystaat Oproep, 1.9.20).
119. *Het Volksblad*, 29.6.15: Bethulie, OVS; *De Burger*, 25.11.15: Helpmekaar Konsert; *De Burger*, 16.8.16: Helpmekaar Konsert.
120. *De Burger*, 3.10.17: Die Slag van Helpmekaar; *De Burger*, 15.11.17: Helpmekaar; *De Burger*, 11.12.15: Helpmekaar.

Die sukses van die Helpmekaar het Afrikaners in hulle eie oë en ook in die oë van ander volke gerehabiliteer. Hulle het gevoel dat hulle weer 'n nuwe begin kon maak en hul plek met selfvertroue onder die ander volke kon inneem. Bowenal is hulle versterk deur die wete dat God aan Wie hulle hul welslae toegeskryf het, hulle steeds as volk bygestaan het.

Slot

Die Helpmekaarbeweging was 'n volgehoue Afrikanervolkspoging om die rebelle en hul ondersteuners van ekonomiese ondergang te red. Die Helpmekaar het die Afrikaners, wat daarby betrokke geraak het, in elke opsig aangespreek en hulle op ekonomiese, politieke sowel as kultureel-sosiale gebied betrek, beïnvloed en geïnspireer. Dié beweging was dus veel omvangryker en sy invloed op die Afrikaners veel groter as waarvoor hy in die algemeen krediet ontvang.